



Ons vermeerder God se vreugde!

Nuusbrief van Agter-Paarl Geloofsgemeenskap

Geskryf deur Johannes Nortier

7 November 2021

Gedagte vir die week:

Die opwaartse en afwaartse lewens het elkeen sy eie prys.

Vertretpunt:

Matteus 20:20-27

Meditasie uit die Woord:

Ons droom menslikerwys van promosie, van die opwaartse beweging in status en posisie. Ouers droom dit vir hulleself en hulle kinders. Mev Sebedeus het dit ook jare gelede vir haar twee seuns, ene Johannes en Jakobus, gedroom. Links en regs van God is waar sy haar twee seuns gesien het. Die probleem is dat Jesus weet dat hierdie pad na krone en trone uiteindelik paaie van oorlog en geweld en bloed en tranes word. Die "rat race" het sy eie hartseer prys. Jesus weet dat die pad na die moeitewerd-lewe is eerder die afwaartse pad, die pad van die kruis waar selfopoffering jou uiteindelik verder bring as selfverheffing. Ek weet dat dit klink baie teoreties, maar gaan dink vir jouself oor wat dit sou beteken vir 'n man van 'n vrou, vir 'n pa van 'n seun, vir die Baas van Klaas ensovoorts. Ek het daardie som jare gelede gemaak en word nog steeds elke dag gedwing om die som weer en weer te maak. Die afwaartse pad is die pad na die lewe soos God dit bedoel het. Dit is 'n vol en "ryk" lewe van waarde en betekenis. Die geskiedenis van Jesus en sy nalatenskap is die beste bewys daarvan. Dit klink seker onlogies ... maar dit is hoe die "dwase" evangelie klink as jy dit goed verstaan! Dit is na alles 'n kruis - evangelie!

Reisgesprek en Youtube-skakel:

Op Sondagoggend 7 November 2021 om 09:30 hou ons 'n reisgesprek in die kerkgebou. Die digitale weergawe daarvan is kort en sonder enige musiekinsetsels. Van nou af sal dit die standaard wees. Jy kan aan hierdie digitale reisgesprek deelneem by <https://youtu.be/IOj4G2F59yU>

Meditasie uit die Lewe:

So ons is in vir koalisie-politiek. Ons mag dalk bly wees dat een party nie alleen, almal en alles oorheers nie, maar koalisie-politiek het sy eie uitdagings. Nou, meer as ooit, sal ons sien hoe ongesonde ego's en opgeblase selfbeelde met 'n alles-of-niks mentaliteit ons samelewing gaan beïnvloed. Mense wat leef met 'n primêre "upwards mobility" wat ten koste van alles en almal wil koning kraai is nie gereed vir koalisies nie. Koalisies vra mense met die vreemde kombinasie van selfgeldende nederigheid. Jim Collins noem dit "level 5 leadership" wat 'n vreemde kombinasie van "strong will and humility" is. "Level 5 leaders are a study in duality", notes Collins, "modest and wilful, shy and fearless." In Jesus Christus sien ons dit die beste. Of Julius Malema en John Steenhuisen en Cyril Ramaphosa en Pieter Groenewald en Herman Mashaba en andere dit het sal ons maar moet hoop en sien. Kom ons kyk.

Fondsinsameling:

Ons hou weer 'n wynveiling saam met die NG Gemeente Waterkloof. Vanjaar is daar die nuutjie van 'n ONS/HULLE veiling waar 'n bottel in hulle naam meeding met 'n bottel in ons naam. Jy kan hieraan deelneem op Vrydagaand 26 November 2021 via die volgende skakel.

<https://chat.whatsapp.com/E9zXi7g4FfA8gCWdO9mmYR>

Aantekening:

'n Mens hoef nie altyd met almal en alles saam te stem nie. Ek nooi jou om saam met my die gawe van nederige en respekvolle gesprek te ontdek.

As jy hierdie epos foutiewelik ontvang of dit nie meer wil ontvang nie, stuur net 'n epos wat lui "kanselleer nuusbrief" na ngkagterpaarl@telkomsa.net of nortierjohannes6@gmail.com